

21 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:20

Is jy met God versoen?

Twee sake is baie belangrik wanneer ons na die betekenis van versoening kyk: Dit is 'n onbetwisbare voorreg en dit is 'n onontbeerlike plig.

Versoening staan tenoor "baklei" of "breek in vriendskap". Die sonde het 'n breuk gebring in ons verhouding met God. Die sonde maak die skepping stukkend. God wil versoen en daarom tree Hy op. God neem die inisiatief. Dit wat die sonde stukkend gemaak het, word herstel. Versoening beteken vernuwing – die verhouding wat stukkend gemaak was, word heelgemaak. Versoening beteken om rebellerende en sondige mense se vyandigheid teen God weg te neem. Om hulle weer in die regte verhouding tot God te bring. Daarvoor is 'n prys nodig. God gee die prys. Jesus Christus is die Middelaar. God maak sy regverdige Seun tot sonde en vir die prys word die verhouding herstel. 'n Onbetwisbare voorreg – God bring versoening: dit is die evangelie.

God gee egter ook die bediening van die versoening. Hy inspireer die Woord. Die Woord bevat hierdie blye boodskap van versoening. Daarom 'n onontbeerlike plig – verkondig die boodskap. God het ons dienaars van sy versoeningsprogram gemaak (vs 18). Hy het die boodskap aangaande die herstelde verhouding aan ons toevertrou (vs 19). Ons tree op as gesante van God (vs 20). Om hierdie opdrag uit te voer, moet die versoening met God aanvaar word. Moet seker gemaak word of ons inderdaad met God in die regte, herstelde verhouding staan. Deur die opstanding van Christus is daar nie net regverdiging nie, maar ook heiliging. In Christus is ons opgewek tot 'n nuwe lewe.

Wie in 'n herstelde verhouding met God leef, is 'n gesant, 'n ambassadeur van God. As ambassadeur verkondig jy dit wat aan jou opgedra is. Jy praat met die gesag wat Christus jou gegee het. Hoe 'n goeie ambassadeur van versoening is jy vir Christus?

Sing: Psalm 71:12, 14, 15

Dr. TC de Klerk (Okahandja)